VAN JAARSVELDT'S IN ZAMBIA

November 2014

Nuus in hierdie nuusbrief...

FreedomClimb	1
Impact multiplied	2
FreedomClimb vervolg	2
Ons gesin	3
Gebedsvesoeke	3
Kontakbesonderhede	3

"Technique and ability alone do not get you to the top; it is the willpower that is the most important.

This willpower you cannot buy with money or be given by others... it rises from your heart"

- Junko Tabei-

1975 after becoming the first woman to climb Everest.

7-12 Oktober 2014:

+-140 Mense van 6 kontinente; inligting seminare; gebed sessies; vroeg opstaan (4h30); laat gaan slaap (22h30); 3 berge; seer voete; 'n ou enkel besering; trane vir die onderdruktes en die onderdrukkers wat vasgevang is in die diep gat van mensehandel en slawerny; lag; vrede; nuwe vriendskappe; oorwinning....dit is net 'n kort opsomming van die Tafelberg Freedom Climb Uitdaging waarvan Ilse deel was.

Dit was voorwaar 'n voorreg en seen om deel te kon wees van hierdie **fondsinsameling en bewusmakings projek**. Vader het my selfs bederf met klippe en ander natuurverskeinsels in die vorm van harte.

Dit was fisies en emosioneel uitputtend met tye...al die feite en inligting wat ons gekry het oor die mense handel en slawerny van regoor die wereld het soms oorweldigend gevoel, maar Die Hoop lewe en daarom kan ons nie vaskyk in wat die vyand doen nie, maar ons oe oplig na Vader en sien dat HY die Een is wat hoop bring in situasies wat vir die wereld hopeloos lyk.

Elke dag was daar verskillende roetes gewees om aantepak met verskillende moeilikheidsgrade.....

Dag 1 : Perdekop hartjieklip

Dag 2: Victoriapeak

Familie roete.

Impact multiplied (IM)

Op die IM bouperseel word daar hard gewerk om die dakke van die wooneenhede op te kry voor die reenseisoen eersdaags begin. Aan die een kant bid ons vir reen, want dit is droop, maar aan die ander kant ook vir reenlose dae sodat die dakke opgesit kan word. Ons kyk terug na die jaar en besef hoe God krag en wysheid gee. Die projek kan nie sonder Hom aangepak word nie en ons loof Hom vir die geleentheid om nie net geboue te bou nie, maar ook Sy Woord en Waarhede in mense se lewens in te bou.

Die bouspanne sal met bouers-vakansie gaan gedurende Desember en dus sal die bouery eers in die nuwe jaar voortgaan. Dit gee hulle kans om in hul mielielande te gaan werk en sodende ekstra inkomste te kry.

www.impactmultiplied.com

Freedom Climb Uitdaging Vervolg....

Perdekop: renerige dag vol opwinding, maar 'n ou enkel besering het gemaak dat ek halfpad omdraai en by 'n ander groep aansluit…net toe ek omdraai tel ek 'n kliphartjie op. Met lof in my hart maak ek die dag klaar.

Victoriapeak:ek het die familie uitdaging gedoen sodat my enkel nie ooreis nie, dit was spesiaal om te ervaar hoe die groep mekaar ondersteun en aanmoedig. Ons het egter die verkeerde roete geneem en op die ou end omtrent 23 km gestap. Ek maak klaar met die gedagte dat God my krag is elke tree, en my enkel voel nie seerder nie.

Skeleton Gorge, Tafelberg: Die groot uitdaging van die dag, ek ervaar opwinding elke tree, want God het my krag gegee en dit is berg nommer drie in drie dae. Ons bid bo-op die berg vir die wat vasgevang is in mensehandel en ander vorms van slawerny en spreek God se beloftes oor hul uit.

Die FreedomClimb Tafelberg uitdaging is agter die rug, maar daar is elke dag miljoene vroue en kinders vasgevang in mensehandel en slawerny…**die groot uitdaging leef voort.**

Gaan lees gerus meer oor die projekte van FreedomClimb by

www.omafrica.org/freedom-climb

Baie dankie *vir elkeen wat betrokke was saam met my…gebede, fondse, vervoer… jul was deel om 'n verskil te maak en optestaan teen mensehandel en slawerny!!!!*

Dag 3: God het my krag gegee.

Skeleton Gorge groep bo-op Tafelberg

Ons gesin

Jana is klaar met Gr2 en ons is trots op die gemiddelde A simbool wat sy gekry het die jaar. Ons skool sluit 5 Desember en sy het reeds met van haar Gr3 werk begin.

Cordre het sy verjaarsdag gevier met 'n konstruksie partytjie en is opgewonde om uiteindelik 5 jaar oud te wees, want nou voel hy dat hy sommer 'n baie groot man is...maak nou self sy bed op en kamer netjies.

Dries het tydens November sy snor gegroei om sy ondersteuning aan die Movember projek te wys, vir mans wat kanker het. Ons gebede gaan uit na 'n mede-sendeling, Colin Cotterrell (van ons dae in Botswana) se familie, hy het die maand gesterf na maande se stryd teen kanker.

Ons sien uit na 'n familie vakansie saam met Dries se ouers asook sy suster en broer met hul families...die eerste keer is baie jare wat almal bymekaar sal wees vir kersfees.

Gebedsversoeke...

- **Dankie vir gesondheid in malaria gebied.**
- **Wysheid met uitdagings wat na vore kom by die bouprojek**
- **Gesinsvakansie: veilige reis en goeie rustyd.**
- **Bid vir Doris, sy het saam met Ilse FreedomClimb gedoen en is gediagnoseer met borskanker 'n week later.**
- http://www.thefreedomclimb.net/get-involved/pray
- **2014 was 'n uitdagende jaar, maar Vader het ons krag gegee, loof Hom daarvoor!!!!**

Groete uit Sentraal Zambia:

Dries, Ilse, Jana en Cordre van Jaarsveldt

P.O.Box 81654
Kabwe
ZAMBIA

Dries selnr Zambia: +260 971195266
Ilse selnr Zambia: +260 978815279
(ons het Whatsapp)

dries.vanjaarsveldt@om.org
ilse.vanjaarsveldt@om.org

Skype:

For His Glory!

SUSTAINING MISSIONS - CREATING JOBS - PROVIDING TRAINING - EMPOWERING LOCALS - GIVING HOPE